*JJ Kritzinger*

# DIE EINDE VAN SENDING
# Fases in die Sendingbedryf

ABSTRACT

THE END OF MISSION. PHASES IN THE MISSION PRACTICE.

In this article the author deals with the final phase of a mission project, that of handing over, or the phasing out of the work. Although the issue is addressed in general, and an overview is given of the theories that missiologists held since the 19th century, the questions are focused on the situation in the mission work of the Dutch Reformed Church of South Africa (NG Kerk). He thinks that much of the present relational problems between this church and its South African sister churches has to do with the fact that their "mission relations" were not really terminated. The article ends with some proposals to end the impasse.

## 1. INLEIDING

Die vraag waaroor ek in hierdie bydrae wil nadink, is kortliks die volgende: Is dit gewens of nodig dat daar beplan word om 'n sendingaksie te beëindig? Anders gestel: hoe lank moet daar voortgegaan word met 'n sendingaksie? Hoe kan 'n afsluiting bewerk word?

Hierdie vraag loop groot gevaar om misverstaan te word. Ek bedoel geensins om te suggereer dat óf die *Missio Dei* (sending van God) óf die *Missio Ecclesiae* (sending van die kerk) tydelik is nie. Ek glo geensins dat sending in hierdie ondermaanse tot 'n einde mag kom nie. Solank as wat daar kerk[1] is, en solank daar wêreld is, is die kerk geroep om missionêr te leef. Kerk en Sending is onlosmaaklik verbind aan mekaar. Ons is geroep om getuies van Christus te wees en te bly. Dit glo ek met my hele hart.

---

1 Kerk met 'n hoofletter gebruik ek vir 'n bepaalde Kerk(genootskap), soos NG Kerk. Vir die kerk in die algemeen gebruik ek die kleinletter.

*Prof JJ Kritzinger het afgetree as dosent en navorser aan die Universiteit van Pretoria en is tans ook navorsingsgenoot in die Departement Sendingwetenskap van die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van die Vrystaat. E-pos: dons.kritzinger@gmail.com.*

*Acta Theologica*
*2011 31(2): 111-134*
*doi: http://dx.doi.org/10.4314/actat.v31i2.6*
*ISSN 1015-8758*
*© UV/UFS*
*<http://www.uovs.ac.za/ActaTheologica>*

SUN MEDIA BLOEMFONTEIN

Die vraag gaan oor sending*aksies*, sending*projekte*. Die vraag is of daar nie in die beplanning van sulke aksies aan sowel die aanvang, die voortgang *en* die *beëindiging* daarvan aandag gegee moet word nie. In enige bedryf word daar mos op 'n doel af gewerk, en as die doel bereik is, dan moet daar óf 'n verdere doel geformuleer word, óf die werk is afgehandel. Dan kan voortbeweeg word na 'n nuwe aksie of projek.

Die aanleiding tot die nadenke oor hierdie vraag is my betrokkenheid by en waarneming van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (voortaan kortliks: NGK) se sendingwerk. Hierdie Kerk kan regtig terugkyk op geseënde sendingwerk in Suid-Afrika en verskeie ander lande in en selfs buite Afrika. Wel is die NGK oor die afgelope halfeeu toenemend gekritiseer, en in sommige kringe selfs as 'n ketterse beweging afgeskryf, veral oor sy (destydse) teologiese ondersteuning van die politieke beleid van afsonderlike ontwikkeling vir die verskeie rasse woonagtig in Suid-Afrika, beter bekend as die beleid van apartheid. (Inderdaad was hierdie gewraakte gedagtes nogal 'n integrale deel van die Kerk se *Sendingbeleid* soos wat dit in die vroeë 20ste eeu ontwikkel is.) Maar terwyl hierdie kritiek in feitlik alle opsigte toegegee kan word, is dit tog ook 'n feit wat deur baie min mense bestry sal word dat die NG Kerk ten minste gedurende die twintigste eeu meer klassieke sendingwerk[2] as enige ander Kerk van Suider-Afrika[3] verrig het. Tot vandag toe is dit sodat die personeel- en finansiële voorsiening vir die sendingaksies van allerlei ander evangeliese sendingbewegings grootliks uit die geledere van hierdie Kerk kom. Dit is nie dat ek die NG Kerk (teen alle kritiek in) wil verheerlik nie, ek wil slegs wys op hierdie realiteit[4].

Maar dit is terloops. My punt is dat na my wete daar in die sendingteorie van die NGK nooit regtig nagedink is oor die *terminus ad quem* van sendingaksies nie, oftewel, op watter stadium die verskillende sendingprojekte tot afsluiting sou moes kom nie. Daar was talle studiestukke en artikels, ja boeke, geskrywe waarin die doel en metodes van die sendingwerk uitgespel is. Maar selde indien ooit is uitgebrei oor die maatstawwe wat aangelê sou word oor wanneer die doel bereik sou wees, en wat daarná sou moes gebeur nie.

---

2 Wat ek met "klassieke sendingwerk" bedoel, sal gaandeweg duideliker word, maar hier kan ek maar net opmerk dat dit die uitstuur van sendelinge is na ander geografiese gebiede of na ander volksgroepe, dat hierdie sendelinge van allerlei aard is, te doen het met die verkondiging van die evangelie, inheemse kerke tot stand help bring, en ook meewerk aan 'n verskeidenheid van "ontwikkelingsdienste".

3 Dalk is dit 'n gewaagde stelling, maar die feit is dat die ander tradisionele Kerke (Lutherane, Methodiste, Anglikane en Rooms Katolieke) se sendingaksies veral met buitelandse personeel gevoer is.

4 Willem Saayman, in sy kritiese oorsig van die NGK se sending (2007:x) stel dit soos volg: "The history I review here is by and large a proud history, not a perfect history".

Die NG Kerk het van vroeg af begin om die evangelie na buite te verkondig (fase een van alle sendingwerk), maar die doel was steeds om kerkplanting na te jaag (fase twee). Dit was nie genoeg om maar net te evangeliseer nie... Kerke moes tot stand kom. En dit het inderdaad gebeur: *Sendingkerke* is gestig... plaaslik en in die buiteland. Maar dit was net maar die tweede fase, want die ideaal was *Onafhanklike / Selfstandige / Inheemse Kerke*. Ook hierdie ideaal (fase drie) is tegnies gesproke bereik. Maar tog is voortgegaan met die sendingaksie (al was dit in ’n baie afgeskaalde vorm). Daar was nie ’n afsluitingsfase (fase vier?) beplan nie. Trouens, ’n nog verdere stadium het op die NG Kerk afgekom, naamlik *Kerkhereniging*, sonder dat die vorige fases ooit formeel tot ’n einde gebring is.

My gevoel is dat hierdie ’n leemte in die beleid was wat heelwat spanninge veroorsaak het, in die verlede en nog vandag. Her-definisies is nodig. Of dit nie dalk té laat is vir ’n koersverandering nie, kan oor gedebatteer word. Maar dit is tog ’n praktiese saak waaroor nagedink kan word, en nie maar net agterweë moet bly nie.

## 2. ’n REGTIG KORT OORSIG OOR SEKERE HOOFSTUKKE IN DIE NG KERK SE SENDING-GESKIEDENIS

Met hierdie oorsig wil ek die bewerings van die vorige paragrawe illustreer. Het die sending van die NGK in beplande fases verloop, of het omstandighede maar die verloop van sake bepaal?

### 2.1 Binnelandse sending[5]

Vir ongeveer die eerste eeu en ’n half ná die vestiging van die verversingspos aan die Kaap in 1652 was daar geen sprake van wat ek hierbo “klassieke sendingwerk” genoem het nie. Alhoewel daar amptelik daarop aangedring is dat daar op ’n lae vlak uitgereik moes word na nie-christelike slawe en die inheemse mense met wie te doene gekry is, het dit maar slegs hier en daar gebeur. Dit was eers met die koms van die Londense Sendinggenootskap in 1799 dat die NG Kerk as staatskerk betrokke geraak het by doelbewuste sendingpogings, by wyse van die ondersteuning van hierdie sendinge[6].

5 Die outoritatiewe weergawe van die geskiedenis van die binnelandse sending van die NGK is seker dié van Prof D Crafford: *Aan God die Dank. Deel I* (Pretoria: NGKB, 1982).

6 Die Suid Afrikaanse Sendinggenootskap (*Het Zuid-Afrikaansche Genootschap ter bevordering van de Uitbreiding van Christus Koninkrijk*) is ook in 1799 gestig, en het grootliks die NGK se ondersteuning gekanaliseer (Crafford 1982:26).

Eers in 1824 het die Kerk sy eerste onafhanklike sinodesitting gehou, en spoedig daarná sy eerste eie sendeling (Leopold Marquard) aangeneem (Crafford 1982:37). Volgens die voorbeeld van die Genootskappe het plaaslike NGK gemeentes hulle eie werkkringe (*gestichten*) opgerig waar die bediening op die gekleurde inwoners toegespits is. Baie bekend (en berug) is die toegewing wat die sinode in 1857 gemaak het aan gemeentes (op die aandrang van sommige) dat hulle die reg sou hê om hierdie werkkringe van inheemse christene afsonderlik met die sakramente te bedien (Crafford 1982:41-42). Sonder dat dit die bedoeling was, het die afsonderlike bediening van die sakramente eintlik daarop neergekom dat afsonderlike gemeentes vir die inheemse en gekleurde bevolking erken is. Omdat die kerkleiding tog sekerlik nie onbekend was met die Europese sendingdenke op daardie stadium nie, was die volgende stap logies, naamlik om hierdie "sending-gemeentes" in 1881 ook saam te voeg in die sinodale verband van die *NG Sendingkerk* (Crafford 1982:97-100).

Mettertyd het ook die NG gemeentes onder die "uitgewekenes" in die Boererepublieke en Natal hierdie weg opgegaan[7].

Die ontwikkelinge in die Kerk in die Oranje Vrystaat kan as voorbeeld gebruik word. Reeds in 1849 het die latere bekende Andrew Murray as eerste leraar van Bloemfontein met dienste vir gekleurdes begin. Dit het ook elders in die Suid-Vrystaat gebeur, soms in samewerking met die Berlynse of Paryse Sendinggenootskappe (Crafford 1982:55). Reeds die eerste Vrystaatse sinode in 1864 het bepaal dat elke gemeente binne sy grense sendingwerk moes onderneem (Crafford 1982:123). Crafford (1982:124) wys daarop dat die werk toe in drie fases ontwikkel het. Eers het die NG predikant in hierdie sendingwerk die leiding geneem, daarna is swart kategete in diens geneem om die werk te bevorder, en nog later (vanaf 1892) het blanke sendelinge die afsonderlike sendinggemeentes bedien. Nadat die Stofberg-Gedenkskool in 1908 tot stand gekom het, is gaandeweg swart leraars aan die Kerk gelewer. Die Vrystaatse sendinggemeentes is egter reeds in 1910 in 'n sinodale kerkverband van die *NG Sendingkerk in die OVS* saamgesnoer (Crafford 1982:149)[8].

7 Ons gaan nie in op die dramatiese gebeure van 1862, toe 'n hof beveel het dat die (NG) Kerk in die noorde 'n ander kerkverband moes wees nie. Die gevolg was dat daar 'n ander Kerk (die Nederduitsch Hervormde Kerk) in die noorde ontstaan het. Ek verwys hier maar net na die gebruik van die Afrikaanse kerk om plaaslike sendingwerk in *sendinggemeentes* te organiseer.

8 Dieselfde soort ontwikkeling het in 1932 tot die stigting van die *NG Sendingkerk in Transvaal* en in 1952 tot die *NG Sendingkerk in Natal* gelei (Crafford 1982: 158, 173). (Hierdie sinodes sou geen verband met die reeds in 1881 gestigte *NG*

Die *NG Sendingkerk in SA,* wat reeds in 1881 tot stand gekom het, het hoofsaaklik bestaan uit die afstammelinge van die vermenging tussen Europeërs, slawe en die Khoi (later Kleurlinge genoem). Mettertyd het die Kaapse NGK egter ook met die evangelie uitgereik na die hoofsaaklik Xhosa sprekende Swart bevolking. Om 'n lang storie kort te maak, hierdie werkkringe onder die Xhosas is in 1951 verenig as die *NG Bantoekerk in Suid-Afrika* (Crafford 1982:119).

Teen die middel van die 20ste eeu was die situasie in die NGK kringe dus dat daar 'n (inklusiewe, maar in die praktyk Afrikaanssprekende) *NG Sendingkerk in SA* bestaan het (sedert 1881), maar ook vier ander *Sendingkerke* in die vier provinsies, Kerke wat lidmate uit die verskillende swart taalgroepe bedien het. Laasgenoemde vier Sendingkerke het in 1963 die vier streeksinodes geword van 'n nuwe verenigde Kerk, die *Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika* (NGKA). Die *NG Kerk in Afrika* sou dus die swart kerk wees, met streeksinodes in al die provinsies van Suid-Afrika, en die *NG Sendingkerk* die tuiste van die Kleurlinge. Die proses wat dus vroeg in die negentiende eeu begin is met die skeiding van die blanke en gekleurde gemeentes het logies verder ontwikkel tot 'n verdere skeiding van die "swart" en "Kleurling" gemeentes. Spoedig daarná (in 1968) sou die paar gemeentes wat die vrug was van sendingwerk onder die Indiërs ook tot 'n selfstandige Kerk byeengebring word... die *Indian Reformed Church* (wat ná 'n paar jaar die naam *Reformed Church in Africa* aangeneem het) (Crafford 1982:454)[9].

As fase een die uitreikaksies was, die evangelisering van die inheemse bevolking van Suid-Afrika, en fase twee en drie die stigting van onafhanklike en selfstandige, inheemse jong Kerke, dan kan 'n mens sê dat hierdie fase op 'n manier tot afsluiting gekom het. Ek sê "op 'n manier", want dit is juis hier waar die oorsprong van my oorspronklike vraag lê[10].

---

*Sendingkerk in Suid-Afrika* hê nie. Laasgenoemde sou die Kaapse "Kleurling-gemeentes" wees.)

9 Nico J Smith se proefskrif het gehandel oor "die planting van afsonderlike kerke vir die Nie-Blanke bevolkingsgroepe deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika". Dit is in 1973 deur die NG Kerkboekhandel in Pretoria gepubliseer as *Elkeen in sy eie Taal...*

10 Sedert die 1970s het die aandrang vanaf die kant van hierdie eertydse "sendingkerke" ontwikkel om hierdie afsonderlikheid om te keer en te herenig. Hierdie moeisame proses het tot dusver (2011) nog net as gevolg gehad dat 'n ander Kerk – die *Verenigende Gereformeerde Kerk* (die VGKSA) – as (gedeeltelike) vereniging tussen die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika tot stand gekom het.

## 2.2 Buitelandse sending[11]

Die buitelandse sending van die NGK het nogal heel anders verloop. Anders as in die binneland, waar die sendingwerk hoofsaaklik deur plaaslike gemeentes geïnisieer is, het die Kerk as geheel (die Sendingkommissie van die sinode[12]) die sendelinge na die buiteland gestuur... aanvanklik na gebiede nog suid van die Limpopo (in die 1860s), maar vóór die einde van die 19de eeu ook na gebiede anderkant die Limpopo en selfs anderkant die Zambezirivier.

Kenmerkend van hierdie sinodale werk – veral in die sendingvelde wat geografies ver van Suid-Afrika was – was dat die kerkstigtings wat daar in die ander lande plaasgevind het van die begin af gesien is as nuwe Kerke wat los van die NGK bestaan het. Die doel was hier – in ooreenstemming met die gangbare wêreldwye praktyk – die totstandkoming van 'n inheemse, onafhanklike, selfstandige Kerk. Spoedig is met die opleiding van inheemse kerklike werkers begin. Mettertyd het hierdie opleiding die vlak bereik dat leraars opgelei is wat saam met die sendelinge die gemeentes kon bedien. Gaandeweg is die leiding van die Kerk ook meer en meer oorgedra aan hierdie leraars, en het minder en minder sendelinge die gemeentes bedien. Met die totstandkoming van sinodes is die ideaal van selfstandige kerke in beginsel bereik[13].

'n Verdere kenmerk van die werk in die buiteland was dat hierdie sendingwerk vanuit die staanspoor ook opvoedkundige, geneeskundige, landbou, en kommersiële werk behels het, die sogenaamde *comprehensive approach*. Die gevolg was dat hierdie sendingaksies 'n groot sendingpersoneel nodig gehad het, met werksaamhede en kwalifikasies wat 'n wye spektrum behels het. Die sogenaamde *newedienste* was swaar en duur. Dit was tipies van die klassieke sendingstasie-benadering. Terwyl die gemeentelike en sinodale werk algaande meer selfstandig deur inheemse, opgeleide leraars en evangeliste behartig kon word, was daar vir die administrasie en funksionering van die newedienste soos hospitale, skole, drukperse, en so voorts, aanvanklik nie die kundigheid plaaslik beskikbaar nie. Dit het nie gelyk

11 Soos wat die boek van Crafford wat hierbo baie na verwys is, die beste oorsig oor die NGK se sending binne Suid-Afrika is, is die boek van Dr JM Cronjé (*Aan God die Dank. Deel2*. Pretoria: NGKB, 1981) die gesaghebbende oorsig oor die sending van die NGK buite Suid-Afrika.

12 Hierdie is tegnies gesproke nie heeltemal korrek nie. In verskeie gevalle was dit verenigings vanuit die Kerk wat die inisiatief geneem het. Maar ook hierdie werk sou uiteindelik sinodale werk word.

13 In Malawi het dit in 1956 gebeur (alhoewel die Ring van Nkhoma reeds sedert 1926 deel van die sinode van die Kerk van Midde-Afrika, Presbiteriaans, KMAP, sou wees); in Zimbabwe kom die sinode in 1952 tot stand; en in Zambië reeds in 1943.

asof die sendingbedryf, en die inset van Suid-Afrikaanse sendelinge, ooit tot ’n einde sou kom nie.

Maar toe breek die tydperk van *uhuru* (politieke vrywording van Afrika) aan. Vanaf die begin van die sestigerjare tot die einde van die tagtigs het die getal sendelinge in Zambië, Malawi en Zimbabwe (om maar hierdie gebiede te noem) dramaties afgeneem. Die inheemse kerkleidings het daarop aangedring dat alles aan hulle oorgegee moes word, en so was die sendelinge hulle posisies van invloed – en mag – kwyt. Die “sendelingtydperk” het tot ’n einde gekom. Dit was nie só beplan nie, maar dit het gebeur. NG sendelinge wat nou nog in hierdie lande diens doen, werk daar op uitnodiging van die inheemse Kerk. In werklikheid sou die korrekte beskrywing van hulle status dié wees van “hulpkragte” (*fraternal workers*). Die sendingaksie vanuit die inisiatief van die NG Kerk (kom ons noem dit fases twee en drie) het (onbepland) tot ’n einde gekom.

Hierdie inheemse kerke gaan voort, en groei. Natuurlik moes hulle baie aanpassings maak. Ongelukkig het sommige van die vroeër indrukwekkende sendingbedrywe wel agteruit gegaan, maar die kernbesigheid van die kerk, naamlik die evangelieverkondiging en onderlinge sorg, gaan goed aan. Trouens, daar is baie aanduidings dat die groot groei van hierdie kerke momentum gekry het gedurende die periode toe die sendelinge se rol verminder het. Soos universeel die geval is, is hierdie kerke ook nie sonder probleme en leemtes nie, maar hulle is kennelik lewendig en groeiend.

Die mees dramatiese voorbeeld in hierdie verband is miskien die NG Kerk se sendingwerk in Mosambiek. Ná ’n kort aantal jare se evangelieverkondiging vanuit Malawi het ’n paar sendingstasies in 1908 tot stand gekom. Dié situasie het egter in 1922 skielik tot ’n einde gekom toe al die sendelinge die land uit gesit is. Die stellige verwagting was dat alles daarmee tot stilstand geruk is. Groot was die verbasing in 1974, toe weer ’n besoek afgelê kon word, om te sien dat die werk vir meer as 50 jaar, ten spyte van die isolasie, en ten spyte van die absolute afwesigheid van enige sendelinge, nie alleen voortgegaan het nie, maar geweldig uitgebrei het. Die klein getal gelowiges (225 gedoopte lidmate, ongeveer 2 000 aanhangers) van 1922 het aangegroei tot ’n indrukwekkende getal van meer as 4 000 belydende lidmate (Cronjé 1981:224). Vandag werk daar weer ’n aantal sendelinge wat baie goeie en strategiese werk verrig, maar ook hier geskied dit op die uitnodiging van ’n inheemse Kerk. Mens sou kon sê dat die kerkplantingsfase van hierdie sendingprojek suksesvol tot ’n einde gekom het, maar ook hier was dit allermins só beplan.

Samevattend kan ons wel sê dat die NG Kerk se **buitelandse sendingaksies** oor die algemeen suksesvol tot ’n afsluiting gekom het. Vandag word die NG Kerk nog toegelaat om by wyse van genooide sendelinge voort te gaan om sy roeping na buite uit te leef. Die punt is egter gemaak: hierdie afsluiting is nie

só beplan nie. Ook waar dit genadiglik goed afgeloop het, was dit die gevolg van eksterne faktore wat nie regtig bestuur is nie.

Dieselfde kan nie van die **binnelandse sendingwerk** gesê word nie. Hier is tot kerkstigting oorgegaan, en ’n gemeenskap van “moeder” en “dogterkerke” het tot stand gekom. Later is die kerke, polities meer korrek, “susterkerke” genoem, maar die hele sendingproses het (nog) nie tot ’n goeie afsluiting gekom nie. Dit is eintlik nie verrassend dat daar spanning tussen die “susterkerke” bestaan nie. In ’n sekere sin kan dit beskou word as simptomaties van die onvoltooide projek. Die “sendingfase” is nooit behoorlik afgesluit nie.

## 3. DIE PRAKTIESE PROBLEEM

Ons sit met ’n praktiese probleem: die werklikheid van “onafhanklike” kerke wat nog besonder “afhanklik” is. Wat die probleem hier so lastig maak, is dat dit nie net ’n teologiese is nie, maar grootliks ook ’n finansiële (ekonomiese) probleem. Ek het hierbo daarop gewys dat die NGK se sendingaksie nooit behoorlik sendingkundig-teologies afgerond is nie, maar nou moet hierdie “onvoltooide taak” aandag geniet in die makro-ekonomiese konteks van die kloof tussen ryk en arm. Dit gaan hier ten diepste oor die verhouding tussen ’n relatief welaf Kerk en sy arm susters. Dit is ’n ekonomiese realiteit wat feitlik onoplosbaar is... vir die kerk altans.

Wat wel erken moet word, en wat ernstige oorweging behoort te geniet, is dat die Kerke se finansiële afhanklikheid tog ook deels die gevolg is van ’n gebrekkige sendingbeleid!

Kom ons kyk na ’n spesifieke voorbeeld: die NG Kerk se sendingaksie in Lesotho[14]. Tradisioneel het die NG Kerk in die Vrystaat die sendingaksie van die Franse Gereformeerde sending – en die Lesotho Evangelical Church (LEC) as vrug op hulle sendingwerk – by wyse van ’n ooreenkoms ondersteun. In 1956 is hierdie samewerking egter opgesê en het die NG Kerk in samewerking met die NGKA langs (en dikwels in kompetisie met) die LEC met sy eie sendingwerk in Lesotho begin. Weens praktiese probleme was die blanke sendelinge woonagtig in die Oos-Vrystaatse dorpe, en het oorgrens gewerk. Mettertyd het gemeentes in Lesotho tot stand gekom, en is swart leraars in die gemeentes bevestig. In 2010 was daar 7 gemeentes (van die NGKA en die VGKSA), met ongeveer 3 000 lidmate, wat bedien word deur

14 Normaalweg sou die werk in Lesotho as “buitelandse” sending beskou moes word, maar die geskiedenis het hier anders verloop. Die gemeentes aldaar is integrale deel van die NGKA en die VGKSA se sinodes in die Vrystaat, en gevolglik onderhewig aan die tipiese probleme van die binnelandse kerke.

5 leraars (waarvan 1 uit die NG Kerk is). Die groei is baie stadig, wat deels verwag kan word in 'n land waarvan die bevolking nomineel dalk 80% en meer gekersten is[15]. Maar dit is ook die finansiële posisie wat onrusbarend is: in die praktyk hou die NG Kerk hierdie gemeentes aan die gang met ongeveer 'n driekwart miljoen rand per jaar vanuit die sinodale kantoor (vir die leraars se salarisse, plus 'n toelaag aan elke gemeente), en bekostig die meeste van die bouwerk, terwyl die bydrae uit die gemeentes maar gering is.

Hierdie voorbeeld van finansiële afhanklikheid kan ongelukkig vermenigvuldig word. Wat van (om maar by voorbeelde in die Vrystaat te bly) die swart gemeentes in Botshabelo (R1 034 000 per jaar), of QwaQwa (R700 000 per jaar), of dalk die gemeentes op 'n gewone dorp soos Senekal, of Clarens?[16] In watter mate is die bestaan van NGKA en VGKSA gemeentes vir hulle voortbestaan afhanklik van die maandelikse geld vanaf die NGK?[17]

Die moontlikheid moet ondersoek word of in die beplanning en deurvoer van die sendingaksie daar dalk nie voldoende nagedink is oor die volhoubaarheid van die produk nie. Is daar só gewerk dat die jong Kerk wel in staat sou wees om – ná die onttrekking van die sendingstrukture – voort te gaan as 'n selfversorgende, lewensvatbare kerk? Is daar dalk onnadenkend eenvoudig van die veronderstelling uitgegaan dat die NGK maar altyd daar sou wees om die leemtes op te vang? Is daar nie 'n afsluiting voorsien nie? Is strukture dalk in die arm gemeenskappe oorgeplant wat onbedoeld die gevolg sou hê dat daardie gemeentes nooit vorentoe op hulle eie reserwes sou kon funksioneer

15 Volgens *Operation World* van Johnstone & Mandryk (2001:403) het die tradisionele Afrika godsdiens sedert 1980 weer 'n oplewing getoon wat veral die Protestante veld laat verloor het. Die Rooms-Katolieke bly die grootste kerk in Lesotho met nagenoeg 40% van die bevolking, terwyl die LEC waarskynlik nie meer 20% van die bevolking verteenwoordig nie.

16 Ek beskik nie oor al die gegewens nie, maar die klein Clarens gemeente s'n het ek. Gedurende 2009 het die bydrae uit die plaaslike NGK gemeente R32 746 beloop (subsidie R18 000; kollektes R3 926; en donasies R10 820); terwyl die totale opbrengs van die VGKSA gemeente R9 425 beloop het... 22% van die totale inkomste! Hierdie gemeente word bedien deur 'n tentmaker-emeritus leraar. As dit nie so was nie, sou daar 'n nog veel groter inset van buite gewees het.

17 Die antwoord hierop is ongelukkig grootliks in die positief: in 'n baie groot mate hou fondse van buite die gemeentes aan die gang. Onlangs het Prof Nico Botha, sendingkundige van Unisa en leraar van die VGKSA, op 'n konferensie 'n aantal opmerkings gemaak wat relevant is vir ons argument. Ek haal aan soos weergegee deur Neels Jackson in *Beeld* van 25 Maart 2010. "Die VGK moet ernstig besin oor die geïnternaliseerde kolonialisme wat hom gevange hou... Hy wou weet of 'n mens van 'n kerk wat grootliks van subsidies uit die NG Kerk afhanklik is, kan verwag om sendinggerig te wees... Hy dink nie die VGK het nou groot sendingteorieë nodig nie. Die kerk kan eerder met sielkundige ontleding of post-koloniale teorie doen".

nie?[18] Daar is goedkoper en duurder maniere van kerkwees. Het 'n Europees geörienteerde kerk nie dalk Afrika met ongepaste bagasie opgesaal nie[19]?

## 4. IS HIERDIE PROBLEME UNIEK?

Nee, die NG Kerk was hierin glad nie uniek nie. Toe hierdie Kerk teen die middel van die negentiende eeu met sy eie uitreike begin het, was hierdie problematiek reeds in die sentrum van die nadenke oor die sending... in 'n tyd toe daar nog nie eers formeel 'n dissipline soos "Sendingwetenskap" was nie.

Baie bekend en invloedryk is die gedagtes van Henry Venn (1796-1873) en Rufus Anderson (1796-1880). Venn was vir 32 jaar die uitvoerende sekretaris van die Anglikaanse *Church Missionary Society* (CMS) in Engeland, en Anderson was vir 35 jaar die dryfveer agter die *American Board* (afkorting vir "American Board of Commissioners for Foreign Mission", oftewel ABCFM). Albei het van die standpunt uitgegaan dat sendingwerk oorsee gerig moes wees op kerkstigting. In Venn se geval sou dit 'n verlenging van die Anglikaanse gemeenskap wees, maar vir die Kongregasionalis Anderson was dit uiteraard 'n nuwe Kerk wat tot stand sou kom. Maar albei het daagliks hulleself afgevra hoe hierdie Kerke moes lyk. Hulle is daarom veral bekend vir die formule van die "Three Selves" waartoe hulle twee feitlik gelyktydig en onafhanklik van mekaar gekom het (of dit iewers gehoor het): die doelwit sou wees dat die jong kerk onder sy eie bestuur sou wees ("self government"), finansieel onafhanklik sou funksioneer ("self support"), en self met die verdere sending sou voortgaan ("self propagation"). Wanneer hierdie eienskappe teenwoordig was, so het hulle gevoel, het die sendingaksie sy doel bereik. Dan, so het veral Venn gesê, wanneer hierdie kerk só as "selfstandig" beskou sou kon word, het die stadium aangebreek dat die sendingaksie beëindig kon word ("the euthanasia of mission"). Die gebou is nou klaar, en die steierwerk kan verwyder word. Die werk van die sendinggenootskap kon voortgesit word in ander gebiede waar die kerk nog geplant moes word ("the regions beyond").

---

18 Ek meen dat ek reeds in 1979 duidelik aangetoon het in my boek *Die Missionêre Bediening. Op weg na strukture vir 'n jong kerk* dat dit algemeen die geval is dat die strukture van die jong kerke nie lewensvatbaar was nie. En ek was nie die eerste wat op hierdie probleem gewys het nie! Orals het pionier sendelinge maar net in die sendingveld dieselfde soort kerk kom vestig waarmee hulle vertroud was, met 'n kerkordening waarvan hulle oortuig was dat dit die beste teologiese beginsels verteenwoordig.

19 Hieroor het ek al 'n paar artikels geskryf: "Church and buildings", *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 9:2 (1994) 192-200; "Dependency and Independence. Perspectives on the (expensive) way of being church", *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 11:1 (1996) 13-22; "Revisiting self-support in mission. or: the question of sharing resources between churches", *NGTT* 42: 1/2 (2001) 46-58.

Omdat hierdie “Three Selves” formule soveel sin gemaak het, het dit feitlik algemene aanvaarding geniet. Duitse sendelinge het wel verkies om ’n groter klem te lê op die gedagte van inheemsheid. Vir hulle sou ’n kerk eers aan haarself oorgelaat kon word wanneer daar duidelik blyke is dat die kerk die evangelie verinheems het, en ook op hulle eie sou kon aangaan (“Eigenständigkeit”), ’n situasie wat ook maar met die term selfstandigheid beskryf sou kon word[20]. Die probleem was egter – in die geval van die Anglo-Amerikaanse model, maar veral ook in die geval van die Duitse benadering – dat die Europeërs feitlik onbereikbaar hoë vereistes vir selfstandigheid gestel het, en dat hulle verwagtings ook nie altyd toepaslik was in die sendingvelde nie. In die tipies paternalistiese tyd is hierdie dus beskou as ’n lang uitgerekte opvoedkundige proses. In die praktyk is hierdie ideale toestand dus baie selde bereik.

Nou kan ook gesien word waar die NG Kerk met sy beleid van afsonderlike selfstandige kerke vandaan kom... en ook waar sommige van die probleme wat ek hier probeer aanspreek, vandaan kom[21].

Soos by die vrug van die ander sendinggenootskappe het die NG Kerk se “dogterkerke” nie na wense gevorder met veral die finansiële selfstandigheid nie. Die kerkregering (die eerste “self”) is (langtand) aan die inheemse mense oorgedra. Die kerke het ook nogal ’n werwingskrag uit eie geledere vertoon... die derde “self”. Maar die selfonderhoud... ai tog.

Twee sake het die NG Kerk se probleme egter redelik akuut gemaak in vergelyking met die ander sendinge. Die *eerste* het gelê in die feit dat van hierdie “dogterkerke” nie noodwendig oorsee of ver weg tot stand gekom het – waar toegewyde sendelinge die verhoudinge bepaal het – nie, maar dat hier in dieselfde dorp ’n “ander NG Kerk” tot stand gekom het. Soos hierbo reeds verduidelik is, was die feit dat hulle ’n ander Kerk was maar net daaraan te wyte dat hulle lidmate óf gekleurd was óf ’n ander moedertaal gepraat het. Hierdie kerklike verhoudinge was dus geheel en al in die rasse-politiek van die land ingetrek, ’n politiek wat hoe langer hoe meer op ’n breekspul afgestuur het. Die *tweede* verswarende saak was dat (en dit bring my by die vermoede wat ek in hierdie artikel ondersoek) daar nie in die sendingbeleid deeglike aandag gegee is aan die afsluitingsfase van die sendingproses nie. Die NG Kerk het nie so ’n fase voorsien nie.

20 Dit was eers in die twintigste eeu dat sendingwetenskaplikes die uitgangspunte van Venn, Anderson en ander denkers begin kritiseer het. ’n Baie belangrike studie in hierdie verband was dié van Peter Beyerhaus en Henry Lefever: *The Responsible Church and the Foreign Mission* uit 1964.

21 Ek fokus in hierdie artikel doelbewus op die NGK en sy sending. Die NGK was in sy sendingwerk in pas met die algemene benaderings van die groot sendingeeu. Die NGK het gevolglik egter ook gely onder die algemene probleme wat met die benadering saamgegaan het.

# 5. MORATORIUM

In 1971 het 'n bom gebars. Die Keniaan John Gatu, leier van die Presbiteriaanse Kerk in Nairobi, het by verskillende geleenthede gevra vir 'n sogenaamde Moratorium op sendingpersoneel (en -geld)[22]. Eers het hy gevra dat hierdie moratorium vir 5 jaar moes geld, maar later – dalk weens die bitter reaksies – het hy gesê: onttrek... punt! Dit moes verstaan word as 'n emosionele oproep: "Los ons uit! Julle sendelinge en geld versmoor ons! Ná langer as 'n eeu is dit tyd dat julle padgee!" "Missionary, go home!"[23] Uit alle oorde het daar reaksie gekom, veral negatief. Wat sal van hulle word as ons gehoor gee? het sendelinge gekla. Waar kry hulle die reg om ons só die deur te wys? Ons is tog deur God geroep! Maar sensitiewe sendelinge moes Gatu, en die ander wat hulle by hom geskaar het, se reaksie lankal kon verwag. Die meer wyse kerk- en sendingleiers het besef dat die vinger hier op 'n baie seer punt gedruk is. Ten spyte van baie mooi praatjies en voornemens van langer as 'n eeu, het die "sending" nog nooit daartoe gekom om die jong Kerke te vertrou met hulle eie voortbestaan nie. Trouens, die geldelike subsidies – so goed bedoel – het die instrument geword waarmee die vryheid weerhou is.

Die noodlottige band wat daar tussen die sending en die kolonialisme in Afrika bestaan het, het hom nou op die goedbedoelende sending gewreek. Agter die kolonialisme was 'n bepaalde arrogante mentaliteit van die westerling wat hulleself as die voogde van die "onvolwasse" Afrikaan aangestel het. Hierdie mensbeeld was ook maar gedeel deur die sendelinge wat in daardie dampkring grootgeword het, al was dit baie getemper deur hulle christelike inbors en geroepenheid tot diens. Die kolonialistiese projek het in die dekade vanaf 1958 (die onafhanklikheid van Ghana) tot 'n einde gekom, dikwels ná 'n baie onaangename en meestal gewelddadige proses. Gatu het egter die kerklike ongeduld verwoord: dieselfde vryheid is nog nie op kerklike vlak deurgevoer nie. Dit was tyd!

In die NG Kerk kringe in Suid-Afrika het dieselfde gees van voogdyskap kerklike verhoudinge oorheers. Tog het die moratorium hier anders verloop. Dit het, snaaks genoeg, oënskynlik in die teenoorgestelde rigting gegaan. Instede van 'n aandrang op "hands off", 'n verbreking van bande, het dit hier 'n al sterker aandrang geword op eenwording: maak 'n einde aan hierdie

22 Die term word geleen uit die finansiële wêreld waar 'n moratorium dui op 'n stilstand van byvoorbeeld die betaling van skuld. Gatu het gevra vir 'n staking in die stuur van sendelinge. Die Moratorium debat het vir 'n paar jaar heftig in sendingkringe geduur. 'n Goeie oorsig is in die boek van Elliott Kendal: *The End of an Era. Africa and the Missionary*.

23 Hierdie is die titel van 'n boek wat James Scherer 'n hele paar jaar vroeër (1964) al gepubliseer het en waarin hy 'n sensitiwiteit vir die foute van die sendingbedryf getoon het.

"afsonderlik-selfstandige" patroon! Kom ons word een![24] Daar is skerp ingesien – al was dit nie presies só verwoord nie – dat die kerklike vorm wat hierdie koloniale ongelykheidsbeginsel aangeneem het dié was van afsonderlike kerke. Die nodige regstelling sou wees om terug te gaan na vóór 1857: geen afsonderlikheid nie![25]

’n Volgende fase op die pad van die "sending" het dus op die NG Kerk afgekom sonder dat die vorige afgerond is. My gevoel is dat baie van die probleme wat tans met die eenheidsproses ervaar word, die gevolg is van (onder andere) die onafgehandelde sendingfase.

## 6. HISTORIESE ONTWIKKELING VAN GEDAGTES OOR DIE EINDE VAN SENDING

Lindsay Cameron het in sy meesters verhandeling ’n oorsig gegee oor sommige van die sendingdenkers se gedagtes hieroor (2005:7-33).

Ek het hierbo verwys na Henry Venn se idee dat die tydelike steierwerk op ’n stadium verwyder moes word en dat die "sending" so tot ’n einde kom. Die doel van die selfstandige inheemse kerk word bereik[26], en die sending gaan voort met nuwe uitdagings. Dit was egter nie só maklik om te weet wanneer daardie tyd gekom het nie. Venn was bewus daarvan dat ’n mens té vroeg kan onttrek, maar was toenemend krities teenoor daardie sendelinge wat paternalisties té lank aan die werk vasgehou het.

Ons moet ook verwys na John Nevius (1829-1893). Hy was ’n sendeling in Sjina, en is genooi om bietjie raad te gee aan die Presbiteriaanse sending in Korea. Skynbaar is sy raad tot groot voordeel gevolg, want die kerk aldaar het sterk gegroei. Hy het onder andere een ding baie duidelik gesien: jy moet

24 In 1974 het die NG Sendingkerk al begin om hierdie klanke te laat hoor. Dit is opgeneem deur die NGKA se Algemene Sinode in 1975. In 1982 het die NG Sendingkerk hierdie eenheidstrewe opgeneem in die Konsep Belydenis wat in 1986 as die Belydenis van Belhar aanvaar is. Hierdie twee Kerke was toe reeds aan die werk om te herenig, ’n proses waarvan die NGK homself (op daardie stadium) onttrek het.

25 Dit is interessant dat in Suid-Afrika hierdie "moratorium" die politieke bevryding vooruit was. As alles goed verloop het, sou hierdie eenwording reeds vóór 1994 se politieke waterskeiding plaasgevind het. Trouens, die eenwordingsproses was só beplan, maar het probleme opgetel. (Dit is ’n ander onderwerp!)

26 Beyerhaus en Lefever (1964:28) skryf: "Venn's insights were revolutionary in his day. He sees self-support as a genuine mark of life created by the Spirit, because he is convinced that financial sacrifices enable the young Church to show its eagerness and the reality of its incorporation into the Body of Christ".

daarteen waak om die kerk finansieel afhanklik van jou te maak. Jy kom daar nooit weer uit nie! Jy gaan nooit die ideaal van selfonderhoud bereik nie[27].

Roland Allen (1868-1947) het bekend geraak vir sy klem op die werk van die Heilige Gees in sending. Kyk na Paulus, sê hy. Hoe dikwels was Paulus vir slegs 'n baie kort tydjie toegelaat op 'n plek, maar wanneer hy vertrek het, was daar 'n gemeente/kerk wat kon voortgaan... want die groei van die kerk is die werk van die Gees, nie van die sendelinge nie![28]

Die eerste helfte van die twintigste eeu was 'n moeilike tyd vir die westerse sendingaksies, veral weens die twee wêreldoorloë. Nie alleen is die finansies geknou nie, maar die westerse optimisme en ingebore meerderwaardigheidsgevoel is erg geskud. Feitlik vanself het die sendingywer getaan. Die selfvertroue was nie meer daar nie. In die mate dat die arrogante optimisme 'n bloedneus gekry het, en ernstige nadenke en selfkritiek gestimuleer is, was hierdie ontwikkeling positief. Die gety het egter teen 1955 begin draai met die verskyning van Donald McGavran se boek *The Bridges of God*, en die groeiende invloed van sy "Church Growth" benadering. Op 'n baie sterk oortuigende manier het hy die onvoltooidheid van die sendingtaak benadruk. Vir eers was alle gedagtes oor onttrekking verby. Aan die een kant was hierdie nuwe oplewing ongelukkig, want die selfondersoek wat gevolg het op die veranderende omstandighede in die wêreld, dit wat die "moratorium gesprek" na vore gebring het, was nou van die baan. Dit was nou "business as usual". Trouens, die NGK het selfs in McGavran 'n bondgenoot gesien vir die idee van etniese kerke in Suid-Afrika![29]

Peter Wagner, McGavran se opvolger, het wel die saak van onttrekking aangeraak, maar dit nie baie duidelik uitgewerk nie. Hy noem die vierde fase van sending "exit". Wat hy daarmee bedoel het, was dat die sendelinge kan onttrek wanneer die jong kerk self met die "tweede geslag sending" aangaan.

---

27 Dr Nevius het in 1885 'n reeks artikels gepubliseer wat 'n boekie geword het: *Planting and Development of Missionary Churches*. Vyf jaar later het die besoek aan Korea plaasgevind. Sy benadering word in die voorwoord tot die 1958 uitgawe só saamgevat: "The church, begun Dr Nevius' way, has *from the beginning* the authority that goes with responsibility, and the joy and freedom that go with sacrificial giving, and the painful period of transition is largely obviated".

28 Die eerste van sy aantal invloedryke boeke was *Missionary Methods – St Paul's or Ours?* Onder andere staan daar in hierdie uitdagende boek (2006:56): "By importing and supplying to the natives buildings and ornaments that they cannot procure for themselves, we tend to pauperize the converts... By supplying what they cannot supply we check them in the proper impulse to supply what they can supply".

29 Van hierdie wanbegrip het McGavran hom wel duidelik gedistansieer.

In ’n uitstekende boek oor sending-kerk verhoudinge skryf Harold Fuller (1981) dat hierdie verhoudings in 4 fases verloop. Die eerste fase is dié van Pionier (*Pioneer*). Die sendeling is die leier en die hoofspeler. Daarna kom die fase van die Ouer (*Parent*). Die klem is op onderrig, hopelik nie paternalisties nie. Derdens word dit ’n Vennootskap (*Partner*). Hier is die kerk verantwoordelik vir sy eie sake, en die sending bly in ’n ondersteunende verhouding. In die vierde fase is die sending Deelnemer (*Participant*) op uitnodiging van die Kerk. Die sending vat dus nie sy goed en trek nie, maar is wel gewillig om te vertrek. Fuller wil nie regtig ’n afskeid aanbeveel nie... miskien nog te naby aan die moratorium-debat?

Dr Tom Steffen neem die saak weer op in ’n artikel (2001). Hy kla dat daar ongelukkig veel meer aandag aan die infaseringsfase gegee word as aan die uitfasering. Hy voel dat die sendingaksie eintlik van die begin af op die uitfasering ingestel moet wees. Vir hom sal die sukses van die onderneming eintlik getoets kan word aan die geslaagde afsluiting. Dit was ’n belangrike bydrae.

Lindsay Cameron, wat ek bedank vir sy uitstekende oorsig in sy meestersverhandeling van 2005, werk ’n strategie uit vir die sendeling se uittrede uit die leierskap rol. Hy doen dit vir sy eie sendingorganisasie, maar ek meen dat dit algemene geldigheid het. Die drie vlakke van funksionering is: aanvanklik leier (die sendeling dien lewenslank, en neem die leiding in alles), dan word hy vennoot (doen veral opleidingswerk), en eindelik is hy volgeling, amper ’n besoeker, en neem deel aan projekte waartoe hy uitgenooi word.

Cameron haal die raad van ’n gesoute sendeling aan wat tong-in-die-kies gepraat het van vyf stappe:

GET IN

GET AHEAD

GET BESIDE

GET BEHIND

GET OUT

## 7. DIE AFHANKLIKHEIDSINDROOM

Daar is egter myns insiens ’n leemte in die uiteensetting van Cameron se strategie. In sy strategie – soos ook by Fuller en ander – fokus hy op die funksionering van die sendeling en die aspek van leierskap. Dit hanteer

slegs die eerste van die drie selwe, naamlik selfregering. Toegegee, Gatu se moratorium-oproep het veral gefokus op die sendingpersoneel wat moes uitskei. Aanvanklik het Gatu egter ook gepraat van die sendelinge se geld wat versmorend werk. Dit is dalk verstaanbaar dat hierdie aspek van die moratorium nie soveel aandag getrek het nie, want – vermoed ek – mens neem nie net so graag van die geld afskeid as van die sendelinge nie! Die strukture wat deur die sending opgebou is, kon inderdaad nie onderhou word sonder ’n verdere toevloei van geld nie[30].

Na my gevoel is die selfversorging, die selfonderhoud (die tweede van die drie selwe), nog steeds die Achilleshiel van die sendingprojek. Baie min jong kerke kom hier die mas op... in ieder geval nie die NGK se binnelandse susterkerke nie. Cameron verstaan dit, en hy maak ’n punt daarvan om aan te dui dat “economic empowerment” ’n groot uitstaande saak is wat aandag verg. Hy kom egter nie so ver om dit as ’n vaste element in sy strategie in te werk nie. Wel maak hy ’n waardevolle onderskeiding tussen die “funding base for the church” en die “funding base for the church institutions”. In eersgenoemde geval sê hy tereg dat die kerk en gemeentes gewoon uit die lidmate se bydraes in stand gehou moet word. Sake is bietjie moeiliker as na die bedrywe gekyk word. Hierdie skole, hospitale, drukperse, en ander verg meer fondse as wat ’n gewone, selfs gegoede gemeenskap kan dra[31].

Wat in ons huidige argument in die sentrum staan, is dus die saak van gemeentes (en ook Kerke) wat nie selfversorgend in hulle gewone bedrywighede is nie. Dit is wanneer gemééntelike strukture onbekostigbaar is dat die rooi ligte flikker. En hierdie strukture is feitlik sonder twyfel die maaksel van die sending! Die jong Kerk het hierin maar net die “slagoffer” geword van die manier waarop die sending die Kerk gestruktureer het. En hier beland ons weer by die kern van die problematiek wat in hierdie artikel aangespreek word: hoe het die sending (in hierdie geval die NG Kerk se sending) gedink toe hulle die strukture vasgelê het? Het hulle gedink aan die toekoms, en die

30 Die polities-ekonomiese situasie in die vroeëre kolonies van Westerse lande (die sogenaamde Derde Wêreld) lyk parallel hieraan. Die Afrikalande wat onder die juk van die koloniale moondhede losgekom het, het goed besef dat hulle nie sonder voortgesette finansiële en ander hulp sou kon klaarkom nie. Die Koue Oorlog was dan ook kreatief gebruik om voortgaande “ontwikkelingshulp” (of militêre hulp) te verkry van die party anderkant die ystergordyn! En tot vandag toe is dit tragies om te sien hoe afhanklik die sg. onafhanklike Afrikalande van die invloei van fondse van buite is. Oor die dodelikheid van hierdie “afhanklikheid sindroom” skryf Dambisa Moyo met groot deeglikheid in haar boek met die titel *Dead Aid* (2009). Luister na haar bewering op bladsy 47: “The problem is that aid is not benign – it’s malignant. No longer part of the potential solution, it’s part of the problem – in fact it *is* the problem”.

dag dat hulle nie meer daar sal wees om die rekeninge en salarisse te betaal nie? Is daar hoegenaamd gedink aan die afsluitingsfase?

Afhanklikheid is nie maar 'n ongelukkige verskynsel nie. Dit is 'n dodelike sindroom, 'n siekte wat in vele opsigte skade doen. Dit gaan veel verder en dieper as die finansiële aspek. Dit word 'n mentaliteit, 'n kultuur, 'n manier van dink. Alles wat gesê kan word van die armoede-kultuur is hier ook ter sake. In die eerste plek verlam dit. Dit verhinder die kerk om as missionêre kerk tot sy reg te kom en te leef soos wat 'n kerk behoort te leef as God se kerk-vir-andere. In die tweede plek beduiwel dit verhoudinge. Daar kan nie regtig goeie gesonde verhoudings wees tussen gewer en ontvanger nie. En in hierdie geval geld dit die verhoudings tussen die afhanklike kerke en die kerk (of sending) wat nog steeds die kerke finansieel aan die lewe hou.

Toe die patrone van die NG sending vasgelê is in die laat negentiende en vroeg twintigste eeue was Nevius en Allen ongelukkig nie goed bekend nie. Dit was juis dieselfde probleme wat hulle in hulle sendingdiens in Sjina teëgekom het wat hulle na die pen laat gryp het. Hulle geskrifte het ook nie algehele byval gevind nie, want hulle was radikaal krities op die ou bedeling. Hulle het as absolute beginsel gestel: géén geld van buite vir die gewone gemeentelike bediening nie![32]

Ek het gewonder of die NGK in die vormende stadium van sy sendingbedryf aan hierdie problematiek aandag gegee het. Die eerste sistematiese "sendinghandboek" in Afrikaans is deur die vermaarde Prof J du Plessis (1868-1935) in 1932 gepubliseer onder die titel *Wie sal gaan?* Sy 26$^{ste}$ hoofstuk het gehandel oor "Die Selfonderhoud van die Sendingkerk". Dit spreek boekdele van sy belesenheid dat hy aan die begin van die hoofstuk instemmend verwys na Roland Allen se boek *Missionary Methods – St Paul's or Ours?*. Maar dan water hy dadelik Allen se aandrang op die weiering van fondse vir intern-kerklike sake af – soos wat ekself ook al telkemale gedoen het – met 'n verwysing na hoe "brandarm die inboorlinge is" (1932:234)[33]. Hy reken dat "die soort radikalisme wat 'n goeie beginsel tot uiterste dryf" die werk meer skade as goed kan doen (1932:236). Ek het 'n idee dat dit net mooi hier is waar ons ons skuldig gemaak het aan 'n goedbedoelde sentimentaliteit wat juis skadelike gevolge ingehou het! "Sodra die Kristene daartoe in staat is, moet selfonderhoud begin", sê Du Plessis. Ironies genoeg blyk dit tot vandag

32 Onderhoud van die "gewone gemeentelike bediening" sou ten minste insluit die bekostiging van werkkragte, die geboue van die gemeente en die kostes verbonde aan die deelname aan die kerkverband.

33 Van wanneer af kan "brandarm mense" nie kerk wees nie? Is ons nie dalk verblind deur ons materialistiese kultuur nie?

toe nog nie moontlik te wees nie... Waarom en hoe sal dit nou gebeur as dit vroeër nie nodig was nie?[34]

In 1967 het die boek verskyn van Prof WJ van der Merwe (1906-1989), vroeër jare lank sendeling in Zimbabwe, en ook genoem die *doyen* van sendingwetenskaplike studie in Suid-Afrika: *Gesante om Christus Wil*. Hierin wys hy onder andere (1967:48-53) op die invloed wat die verskillende denkstrome op die sending van die NGK gehad het. In die buitelandse sending, sê hy (1967:51), kan die invloed van die *World Dominion Beweging* (dit is Nevius, Allen en ander) duidelik aangetoon word. Hier is die idee dat die plaaslike kerke van die begin af selfversorgend moes wees, toegepas. In die binnelandse sending, egter, het die drie-self-formule van veral Venn gegeld... en wel as 'n veraf ideaal waaraan vir 'n lang tyd gewerk moes word (1967:51-52).

Daarom skryf hy 'n deeglike en sterkbewoorde paragraaf (1967: 57-60) oor die saak van selfonderhoud. Hy wys daarop dat, alhoewel daar gewaak moet word daarteen om te veel klem te lê op materiële sake, selfonderhoud "geensins 'n onverskillige saak by die geestelike wasdom van die inheemse kerke (is) nie" (1967:57). Hy haal JH Bavinck aan wat gewaarsku het teen die "Krismisvader-sindroom". "Direkte finansiële bydraes vir die onderhoud van inheemse leraars en ander geestelike arbeiders, wat hulle hoofsaaklik wy aan die bearbeiding van normale gevestigde gemeentes, moet as uitsonderlik en tydelik beskou word" (1967:59). Ongelukkig het hierdie "uitsonderlikheid en tydelikheid" gevestig geraak... met ernstige geestelike gevolge!

Die patrone was teen hierdie tyd reeds gevestig. Trouens, in die laat 1950s het 'n groot sendingoplewing in die NGK plaasgevind. Ongekende uitbreidings het plaasgevind, en vir 'n tyd lank was daar geen tekort aan fondse nie. In hierdie tyd van entoesiasme is daar nie veel aandag aan die soort "dempende" beginsels wat hierbo behandel is, gegee nie.

## 8. WEG VORENTOE

Dit is alles goed en wel. Die diagnose is gemaak, en die situasie lyk nie goed nie. Dit help nie veel om te bly staan by die (gewaande) foute van die verlede nie. Dit gaan egter sekerlik ook nie help om maar aan te gaan soos in die

34 Du Plessis verhaal self die anekdote oor die opmerkings van 'n Basel sending-evangelis in Wes-Afrika, toe druk uitgeoefen is dat sy gemeente hom ten volle moes onderhou. Vroeër, sê hy, het ons in die goue eeu geleef, want die sendeling het alles vir ons gedoen. Toe was dit die silwereeu toe die sendelinge van ons begin verwag het om iets vir onsself te doen. En nou het die ystertydperk aangebreek: ons moet alles vir onsself doen!

verlede, en te hoop dat die situasie vanself opgelos sal word nie. Hoe nou vorentoe?

Dit gaan nie maklik wees nie, maar ek suggereer drie aspekte.

## 8.1 Hou op

Hou op om die gewone gemeentelike werk te subsidieer! Dit is van die grootste belang dat ’n gemeente uit sy eie bronne moet kan bestaan. As hy dit nie kan doen nie, is daar iets fout met die manier van kerk wees! Dit is regtig tragies as bydraes (subsidies) wat met die beste bedoelinge gegee word skadelike gevolge het, maar ons weet dat dit wel moontlik is.

Natuurlik is dit só dat daar nie ’n netjiese lyn getrek kan word tussen “gewone” kerkwerk en die “sendingwerk” nie. Die wyse waarop ’n gemeente in die wêreld groei is deur die aantrekkingskrag van sy gewone kerklike werk. Maar as ’n gemeente se werkkragte van buite besoldig word, as sy fasiliteite deur buitemense opgerig word, as ’n ander kerk (of groep christene) dit moontlik maak dat ’n gemeente by rings- en sinodale bedrywighede inskakel, dan is iets groots verkeerd. Hierdie fout kan nie regkom deur maar voort te gaan met die subsidie nie!

Robertson McQuilkin (1999:59) is myns insiens reg as hy sê dat hy nêrens in die Bybel iets gesuggereer sien dat die een *kerk* vir die ander se *bestaan* krukke bied nie. Wat oorvloedig duidelik is, is dat *die armes* van ander gemeenskappe gehelp is, en dat saamgewerk is aan die evangelisering van die wêreld. “Beyond those two New Testament patterns, I find not only no justification for supporting the ministry of other churches but also great hazards in doing so”.

Natuurlik is dit só dat daar groot armoede in die gemeenskappe is, en dat meer gegoede christene verplig moet voel om die hand na armes uit te reik[35]. Maar ons weet maar té goed dat hierdie handreikings ook kwaad kan doen. Ek twyfel of die betaling van inheemse leraars se salarisse die beste manier is om die arm gemeenskappe tegemoet te kom.

As ek voorstel dat daar opgehou moet word om die gewone gemeentelike bediening te subsidieer, propageer ek glad nie die verbreking van bande nie. Inteendeel, ek pleit vir *gesonde bande*. Die huidige inherent paternalistiese donateur-tot-afhanklike neerbuiging lei tot ’n patologie wat gesonde, volwasse

35 In hierdie verband word tereg ook die beginsel van “distributiewe geregtigheid” ter sprake gebring. Dit is net nie aanvaarbaar dat daar so ’n geweldige kloof tussen ryk en arm bestaan nie. Alles moontlik moet gedoen word om ’n meer regverdige bedeling te vind. Maar dit is ook duidelik dat blote uitdeling – en dit nie aan die armstes van die armes nie – nie hierdie saak gaan bevorder nie.

verhoudinge (ook die groei na ware eenheid) onmoontlik maak. Hierdie twee – die behoeftige gemeente en die een wat materieel geseën is – moet by wyse van goed gestruktureerde vennootskapsooreenkomste by mekaar uitkom. Alleen só kan gesonde, vrugbare, volwasse, opbouende (en nie verslawende nie) verhoudings gebou word. Dít word nie bevorder deur 'n blindelingse voortsetting van subsidies nie.

## 8.2 Herstruktureer[36]

Die bediening van die kerk moet allereers meer Bybels korrek gebaseer word op die *bediening van elke gelowige*. Die Heilige Gees wat lewe gee, gee ook die gawes (en die nodige leiers) vir die funksionering van die gemeente (Efesiërs 4). Sonder dat die ideaal van hoogs opgeleide leraars prysgegee word, moet die klem val waar dit hoort: die bemagtiging van daardie plaaslike leiers wat in werklikheid reeds die eintlike bediening in die gemeentes lei. Hierdie bedienaars is kan bekostig word, hulle is die ware "tentmakers", en benodig nie die invloei van fondse van buite nie[37].

Tweedens moet die klem weer geplaas word op die funksionering van die *plaaslike gemeente* as die basis van die kerk. Kom ons sê dit weer 'n keer duidelik: die kerk se bestaan is eintlik op grondvlak, daar waar mense saamkom om God te aanbid, daar waar die gemeente tussen die buitestaanders funksioneer met die oog ook op die bediening van die gemeenskap. Iewers in die loop van die geskiedenis, tydens die tydperk van die *corpus Christianum*, het die *kerklike organisasie* meer klem begin kry as die plaaslike gemeente. Die kerk se identiteit het begin wegskuif van die organiese basis na die organisasie, die *denominasie*. Kerkordes en Bepalinge is ontwikkel met die doel om eenvormigheid in die denominasie daar te stel. Dit was 'n fout. Gemeentes verkeer tog nie almal in dieselfde sosio-ekonomiese omstandighede nie. Hulle kan en moet nie op dieselfde manier funksioneer nie! Die wyer strukture het mos tot stand gekom om die plaaslike gemeentes te help met hulle gehoorsame bediening in die wêreld!

In die derde plek moet die *struktuur van die kerk gepas* wees. Ons het al genoeg hieroor gesê. Die beeld van die kleine Dawid in die wapenrusting

---

36 My boek *'n Missionêre Gemeente. Op weg na strukture vir 'n jong kerk* (1979) handel breedvoerig hieroor. Daar het in 30 jaar redelik min van die voorstelle gekom! My meer onlangse (2007) boekie *Rethinking Ministry. New wine in new wineskins* ontwikkel dieselfde gedagtes vanuit 'n Bybelse besinning.

37 As buite-fondse gekanaliseer kan word in die rigting van hierdie opleiding, die bemagtiging van die gewone leierskap in die gemeentes, sou dit opbouend kon wees, en nie die verslawende effek hê van die subsidie-sisteem wat 'n onhaalbare struktuur aan die lewe probeer hou nie.

van die forse Saul (1 Samuel 17) is van pas. Dit kon nie. Goliat kon alleen aangepak word deur Dawid in sy aan hom bekende uitrusting en met ’n wapen wat hy kon hanteer. Daar is geen twyfel dat die kerklike strukture wat sedert die Reformasie in Europa ontwikkel is, en wat met min aanpassings in Afrika oorgeplant is, nie geskik is vir ’n relevante bediening in ’n arm Afrika gemeenskap nie.

## 8.3 Gesprek

Natuurlik kan hierdie aanpassings nie eensydig afgedwing word nie. Gesprek, baie gesprek is nodig, maar daar moet op verandering aangedring word. Só kan dit gewoon nie aangaan nie!

Richard van Houten, die destydse uitvoerende sekretaris van die Gereformeerde Ekumeniese Raad (REC – Reformed Ecumenical Council), het in ’n artikel in 1997 daarop gewys dat die REC reeds in 1988, ná ’n jarelange studie oor hoe die verskillende lidkerke hulle vermoëns en behoeftes kon uitruil, tot redelike instemmigheid oor die teorie kon kom, maar tog nog min vordering kon maak oor die praktiese uitvoering daarvan. Wat was die ooreenkoms?

“Sharing by the rich with the poor is not simply a matter of mercy, but also of justice.

- Sharing should neither create nor perpetuate dependence, but promote self-reliance and foster independence.
- Sharing of resources is a matter of mutual arrangement, so that both donor and recipient are accountable.
- No project should be funded entirely from outside sources.
- Both the receiving church and the giving churches should be giving in proportions agreed to under the application procedure...” (Van Houten 1997:14).

Die onderhandelinge tussen die vennoot-Kerke (in die NGK familie)[38] sal met ander woorde veral oor twee sake moet handel:

38 Oor die kwessie van vennootskapsverhoudings sal ek graag nog meer wou skryf, want myns insiens is dit ’n (dalk die belangrikste) vorm van eenheid waartoe geraak kan word. Ek sien ’n denominasie as ’n vennootskap van gemeentes. Sou een denominasie uit die vier NG Kerke tot stand kom, gaan die vennootskapsverhoudinge en gesprekke baie meer natuurlik kan ontwikkel.

- *Hoe kan die subsidies vir gewone gemeentelike werk beëindig word?* (Die onderhandelinge moet nie daaroor gaan *of* die subsidies beëindig gaan word nie, maar *hoe*.)

  Kan dit summier geskied? Of by wyse van 'n glyskaal? Of op watter manier sou die gemeentes gehelp kon word om (spoedig) die mas self op te kom? Watter aanpassings in die bedieningstruktuur sou nodig wees om dit moontlik te maak?

- *Watter gesamentlike aksies kan aangepak en gesamentlik befonds word?*

  Dit sou bv 'n skolingsprogram kon wees, of 'n gesamentlike uitreik, of 'n ontwikkelingsprojek...

Dalk moet energie in die toekoms veral in hierdie rigting aangewend word, ter wille van die bediening van die verskillende Kerke, maar ook ter wille van volwasse verhoudinge tussen hulle.

## BIBLIOGRAFIE

ALLEN, R.
2006 (1912). *Missionary Methods – St Paul's or Ours?* Cambridge: Lutterworth Press.

BEYERHAUS, P. & LEFEVER, H.
1964. *The Responsible Church and the Foreign Mission*. Grand Rapids: William B Eerdmans.

CAMERON, L.
2005. Termination of Mission: an Exit Strategy for the Wesleyan Mission of Africa. Pretoria: Ongepubliseerde MTh verhandeling, Unisa.

CRAFFORD, D.
1982. *Aan God die Dank. Deel 1*. Pretoria: NGKB.

CRONJÉ, J.M.
1981. *Aan God die Dank. Deel 2*. Pretoria: NGKB.

DU PLESSIS, J.
1932. *Wie sal gaan? Of: Die Sending in Teorie en Praktyk*. Kaapstad: Die SA Bybelvereniging.

FULLER, W.H.
1981. *Mission-church dynamics*. Pasadena: Wm Carey Library.

JOHNSTONE, P. & MANDRYK, J.
2001. *Operation World*. Carlisle: Paternoster.

KENDAL, E.
1978. *The End of an Era. Africa and the Missionary*. London: SPCK.

KRITZINGER, J.J.
1979. *'n Missionêre Gemeente. Op weg na strukture vir 'n jong kerk*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

1994. "Church and buildings", *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 9(2): 192-200.

1996. "Dependency and Independence. Perspectives on the (expensive) way of being church", *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 11(1): 13-22.

2001. "Revisiting self-support in mission, or: the question of sharing resources between churches", *NGTT* 42(1/2): 46-58.

2007. *Rethinking Ministry. New wine in new wineskins*. Wellington: CLF.

MCGAVRAN, D.A.
1955. *The Bridges of God. A Study in the Strategy of Missions*. London: World Dominion Press.

MCQUILKEN, R.
1999. Stop sending money! Breaking the cycle of missions dependency, *Christianity Today*, March 1: 57-59.

MOYO, D.
2009. *Dead Aid. Why aid is not working and how there is another way for Africa*. London: Penguin Books.

NEVIUS, J.L.
1958 (1885). *Planting and Development of Missionary Churches*. Philadelphia: Presbyterian and Reformed Publishing Company.

SAAYMAN, W.
2007. *Being Missionary – Being Human. An Overview of Dutch Reformed Mission*. Pietermaritzburg: Cluster Publications.

SCHERER, J.A.
1964. *Missionary, go Home! A Reappraisal of the Christian World Mission*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

SMITH, N.J.
1973. *Elkeen in sy eie Taal... Die planting van afsonderlike kerke vir die Nie-Blanke bevolkingsgroepe deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 'n Histories-missiologiese analise en Ekklesiologiese beoordeling*. Pretoria: NGKB.

STEFFEN, T.
2001. Exit strategy: another look at phase-out. *Evangelical Missions Quarterly* 37(2): 180-192.

VAN DER MERWE, W.J.
1967. *Gesante om Christus Wil*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

VAN HOUTEN, R.
1997. Sharing resources in the REC. *Mission Bulletin* 17(2): 2-13.

| *Keywords:* | *Trefwoorde:* |
|---|---|
| Phases in Mission | Fases in Sending |
| Inland mission | Binnelandse sending |
| International mission | Internasionale sending |
| Dutch Reformed Church | Ned Geref Kerk |